# VORIENUUS

"GROEI WAAR JY GEPLANT IS"

11 Desember 2025
Uitgawe 38



**Vers vir die week:**
Johannes 3:16
"Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê."

## Uit die hoof se kantoor:

Met ons laaste nuusbrief van 2025 wil ek graag die ouers, leerders en personeel gelukwens met 'n puik jaar wat verby is! Ons skool groei daagliks as 'n bron van hoop en 'n kernpunt van waardes en vooruitgang. Ons leerders gedy en styg uit ten spyte van uitdagings wat daagliks deur die wêreld voor hulle gelê word. Met ons meriete-oggende en prestige toekenningsfunksie, wat 'n reuse sukses was, het ons net weereens ervaar hoe bevoorreg ons skool wel is.

Die multifunksionele baan is byna klaar en die projek behoort middel Januarie heeltemal voltooi te wees.

Ons sien ongelooflik uit na 2026 en moedig elke ouer aan om nog meer deel van ons groei en u kind se skoolervaring te raak.

Mag u almal 'n wonderlike, seënryke Kerstyd ervaar en bewus wees van ons Vader se nimmereindige genade en mag 2026 'n jaar vol geluk en vreugde vir elkeen wees!

Bly veilig.

Mnr. Gerhard Engelbrecht

# GRAAD 3's KUIER IN GRAAD 4 KLASSE

**Graad 3 na Graad 4 Oorbruggingsprogram**


Om ons Graad 3-leerders se oorgang na Graad 4 so glad en gemaklik as moontlik te maak, het ons vir hulle 'n spesiale program vir drie dae aangebied. Die leerders het op 'n speelse, selfversekerde manier kennis gemaak met nuwe onderwysers, roetines, vakverwante vaardighede en die groter verantwoordelikhede wat hulle volgende jaar gaan ervaar. Met praktiese aktiwiteite, wissel tussen onderwysers en prettige leerervarings het ons hulle angs verminder en hulle nuuskierigheid aangevuur.


Die doel van die program is eenvoudig: om elke kind toe te rus om met moed, vreugde en selfvertroue die volgende fase van hulle skoolloopbaan te betree.


Ons is trots op hoe mooi hulle aangepas en saamgewerk het en sien uit na 'n blink Graad 4 jaar saam met hulle!











# SAGTEBAL











**IRT Toernooi**

Ons sagtebalspanne het 'n baie goeie seisoen hierdie jaar gehad. Verlede week het 11 van ons dogters die skool met trots by die IRT Toernooi by Camp Discovery verteenwoordig. Die spelers het hard gewerk. Leandri J Joubert, Anke van Rensburg, Lisa Piernaar en Leandri Botha word gekies vir die o/13 All Stars Span. Leandri J Joubert word ook aangewys as die beste "catcher" van die toernooi.

Ons is ongelooflik trots op elke dogter wat deelgeneem het.

Melize Rossouw – "Ons het baie sagtebal gespeel, 3 wedstryde per dag. Al was ons moeg en styf het, ons baie geleer."

Jessica Jordaan – "Die IRT-sagtebal was 'n ongelooflike ervaring vol pret, nuwe vriende en wonderlike afrigters wat elke oomblik spesiaal gemaak het."

# GR. R GRADEPLEGTIGHEID

## Kleuters vier groei by jaarlikse gradeplegtigheid

Die kleuterskool het hulle Graad R-gradeplegtigheid gehou met die tema "Groei waar jy geplant is." Ouers en personeel het saam gevier hoe die kinders deur die jaar in selfvertroue, vaardighede en karakter gegroei het. Met kleurvolle optredes en eenvoudige boodskappe oor vasbyt en aanmoediging, is elke kind gevier as 'n unieke saadjie met potensiaal om te blom. Die jong graduandi stap nou trots na die volgende fase - gereed om verder te groei waar hulle geplant is.




















# GRAAD 7's GROET

## GRAAD 7 GROET

Daar word jaarliks 'n kerkdiens vir ons graad 7-leerders en hul ouers gehou. Tydens hierdie geleentheid knoop elkeen 'n lintjie aan 'n anker en ontvang 'n Bybel.

By die skool groet die leerders en onderwysers die graad 7 leerders en daarna skryf hulle hul naam op 'n klip en gooi dit in die staalboom voor die saal. Hierdie is 'n tradisie wat baie vir elke leerder beteken.

















# MERIETE OGGENDE

MERIETE OGGENDE
Dit is vir Voorpos belangrik om leerders aan die einde van die jaar met 'n sertifikaat van verdienstelikheid te beloon.
Baie geluk aan al die leerders met jul harde werk!







# DANKIE - ONTBYT

DANKIE-ONTBYT
Baie dankie aan ons borge en ouers vir hul finansiële bydraes sowel as die hulp wat hul vir ons skool bied.





# SKAAK

Gizelle Roelofse, MJ Mostert, Luke Marais en Ayden Day het die naweek van 6 en 7 Desember aan die Inter-Region skaakkampioenskappe deelgeneem waar hulle Gauteng Noord verteenwoordig het. Gizelle het 4 uit 5 van haar wedstryde gewen en haar span eindig 2de.

MJ het 2 uit 5 van sy wedstryde gewen en sy span eindig 3de.

Luke het 4 uit 5 van sy wedstryde gewen en sy span eindig 3de.

Ayden het 'n moeilike naweek gehad, maar nietemin 'n lekker naweek. Baie geluk aan hierdie spelers. Julle hou ons naam hoog!


MJ, Gizelle en Luke is die 14de tot die 18de Desember in Port Elizabeth om Gauteng by die Mzansi Inter-provinsiale kampioenskappe te verteenwoordig. Ons wens hulle alles van die beste toe!











# PRESTIGE TOEKENNINGS

### PRESTIGE GELEENTHEID

Donderdag, 4 Desember is ons tweede Prestige aand gehou. Soos verlede jaar, was dit weereens 'n spoggeleentheid. By hierdie geleentheid word al die toptoekennings oorhandig en word leerders vereer vir onder andere: akademie top 10, toppresteerders in elke graad, kultuurtoekennings en die beste prestasie in elke sport. Die junior en senior sport en kultuur dogter en seun word ook aangewys. Ons is baie trots op Leandri Joubert, ons hoofdogter, wat aangewys is as die veelsydigste leerder asook die Dux- leerder van graad 7. Ons gasspreker, Prof. Jacques Faul, uitvoerende hoof van Titanskrieket, het die gehoor se aandag geboei met sy kwinkslae. Die hoogtepunt van die aand was die afskeidsgroet van vanjaar se hoofleiers, asook die aankondiging van die hoofleiers van 2026.

Geluk aan elke leerder met julle uitnemende prestasies!

## Hoofleiers 2026



Hoofdogter: Melize Rossouw
Hoofseun: Dian Joubert
Onderhoofdogter: Olivia van Zyl
Onderhoofseun: Handré van Niekerk

